

Die narratologie in die kontemporêre Suid-Afrikaanse literatuurstudie

Narratology in Contemporary South African Literary Studies

Heilna Du Plooy

1

In die laaste helfte van die twintigste eeu, vind 'n beduidende gedeelte van akademiese literêr-teoretiese aktiwiteit plaas na aanleiding van verhalende tekste.

Die redes hiervoor is waarskynlik tweërlei van aard. In die eerste plek is dit so dat daar 'n groot hoeveelheid verhalende fiktiewe tekste geskryf en gepubliseer word (veel meer as poësietekste) en dat, afgesien van die formele bestudering van werke met 'n spesifiek literêre aanslag (vir sover so iets bepaalbaar of geldig sou kon wees), die lees van verhalende prosa 'n gewilde vorm van ontspanning geword het. Fiktiewe verhalende tekste in die vorm van geskrewe prosa, hetsy meer of minder populêr, word verder aangevul deur die oorvloed van verhalende tekste in visuele vorm – die filmindustrie en die haas oordadige televisiebedryf produseer en vertoon “stories” teen 'n volgehoue en winsgewende tempo. Die feit dat ontspanningsromans en kortverhale in tydskrifte sowel as films en televisiereekse van watter aard ookal deur groot hoeveelhede mense “verbruik” word, dat die bedryf wat hierdie tekste produseer en verhandel finansiële sterk en lewenskragtig is, kan gesien word as 'n bewys van die beduidende rol wat sulke tekste speel in die lewens van gewone mense. 'n Mens sou byna kon praat van hipertrofiese aanbod van verhalende tekste, want mense kan van die môre tot die aand na die gebeure in fiktiewe karakters se lewens kyk, of daarvoor lees, sodat 'n eie lewe in die gewone werklikheid heeltemal kan opgaan of oplos in fiktiewe wêreld.

Vanselfsprekend sal hierdie situasie – naamlik die gewildheid en algemene aanwesigheid van verhalende tekste as 'n betekenisvolle verskynsel binne die gemeenskap, lei tot die bestudering van verhalende tekste, nie net as uitinge van kreatiewe individue in die gemeenskap nie, maar ook as 'n verskynsel wat as vermaaklikheidsvorm veel van die gemeenskap weerspieël. Dit wat die gemeenskap wil hê en wil hoor en sien, dit wat die gemeenskap as't ware aanvra of eis, dit word verskaf, want dit beteken geld. Waar hierdie soort tekste dus gesien kan word as tekste wat die wil en smaak van die gemeenskap bevredig deur dit te eggo of dit te gehoorsaam, kan betekenisvolle afleidings gemaak word uit die bestudering van sulke tekste. Die “stories” waarvan 'n gemeenskap hou, vertel inderdaad op 'n baie besondere wyse die “storie” van daardie gemeenskap.

In die tweede plek het die kontemporêre teorieë in die literatuurwetenskap die tradisionele onderskeidings tussen onder meer fiksie en nie-fiksie, tussen

geskiedenis en verhale, tussen hoë en populêre literatuur, laat vervaag. Gevolglik het die aantal tekste sowel as die soort tekste wat as verhalende tekste bestudeer word, nie net vermeerder nie, maar verskillende nuwe en stimulerende ondersoekterreine vir die literatuurwetenskaplikes geopen. Die ondersoekterrein is nie meer beperk tot die bestudering van verhalende taaltekste, belletristiese of artistieke prosa of fiktiewe verhale nie. Geskiedskrywing, koerantberiggewing, gevallestudies en vele ander geskrewe tussen-vorme sowel as die verhalende aard en struktuur van orale uitinge in gesprekke en kommentare, maak fassinerende studiemateriaal, waardeur die ideologiese stramien van die denke van individue sowel as van die gemeenskap sigbaar word. Die epistemologiese aard van narratiewe tekste, meer nog, van narratiewe denke of van narratiwiteit as 'n denkmodus, het so opnuut relevant en insiggewend geword.

Die narratologie as deeldisipline van die literatuurwetenskap, hou hom besig met die bestudering van verhalende tekste, met inagneming van sowel die omvang as die verskeidenheid van hierdie korpus tekste. Die narratologie het sigself as 'n besonder soepel en veelsydige disipline bewys wat nie net 'n groot verskeidenheid literêr-teoretiese studies opgelewer het nie, maar wat ook telkens nuwe teoretiese werkwyses en benaderings gebruik en inkorporeer en so relevant bly.

Daarom is dit belangrik en nodig dat 'n spesiale nommer van *JLS/TLW* (*Journal of Literary Studies/Tydskrif vir literatuurwetenskap*) aan narratologiese studies afgestaan word. Narratologiese studies het inderdaad veel te sê vir die literatuurwetenskap sowel as vir aanverwante dissiplines soos die sielkunde, die geskiedenis, die sosiologie, die antropologie, die teologie, ens.

In hierdie inleiding word gepoog om die posisie en status van die narratologie in die Suid-Afrikaanse literatuurstudie te bepaal. Daar word eers kortliks gewys op die skopus van die kontemporêre narratologie. Daarna word gekyk na die stand van narratologiese navorsing spesifiek in Suid-Afrika. Publikasies wat handel oor narratiewe tekste en wat verskyn het in die bekendste literêre akademiese tydskrifte, is nagegaan en sekere tendense in die bestudering van narratiewe tekste is geïdentifiseer. Hierdie tendense word ontleed om vas te stel waarop gefokus word in die kontemporêre literatuurstudie ten opsigte van teoretiese benaderinge, metodologiese kwessies en pragmatiese doelstellinge. Die resultaat van hierdie ondersoek word vergelyk met 'n resente Amerikaanse publikasie wat spesifiek op die bestudering van narratiewe tekste konsentreer.

Daarna word die konsep van fiksionele wêreld (soos uiteengesit deur Thomas Pavel (1986) in sy boek *Fictional Worlds*) ondersoek as 'n siening van fiksionele tekste waarin gepoog word om aan sowel die retoriese as die referensiële aspekte van die tekste te laat reg geskied.

Ten slotte word die bydraes in hierdie uitgawe kortliks bespreek veral ten opsigte van die skopus wat gedek word deur die teoretiese benaderinge en die soort tekste wat betrek word. Die artikels in hierdie uitgawe is nie aangevra nie en is nie op beplande wyse verteenwoordigend van wat in die narratologie in Suid-Afrika gedoen word nie. Tog weerspieël die spektrum van benaderinge en die uiteenlopende tekste wat bespreek word, die verskeidenheid van narratolo-

giese ondersoeke in Suid-Afrika en die veelsydigheid van die narratologie as 'n versameling van besonder soepele literatuurwetenskaplike konsepte.

2

2.1 Die kontemporêre gebruik van die narratologie

Dit is algemeen bekend dat die term narratologie uit die Franse strukturalistiese literatuurteorie kom en dat in sy oorspronklike vorm die narratologie duidelik strukturalisties geïntereerd was. Met verloop van tyd het die strukturalistiese aard van die narratologie egter minder opvallend geword, hoofsaaklik omdat insigte en werkwyses uit ander teoretiese benaderings saam met die basiese narratologiese begrippe en metodes in studies van narratiewe tekste gebruik is. Dit is dus inderdaad so dat die gebruik van die term narratologie tans nie meer 'n suiwer strukturalistiese benadering impliseer nie. Mieke Bal (1990) gebruik die term nog asof dit primêr verwys na die strukturalistiese stel konsepte en metodes, maar Susan van Zyl (1988) gebruik die term narratologie en verwys daarmee na die studie van verhale en verhalende tekste en selfs die teoretiese debat in die algemeen.

Hoewel dit sekerlik problematies sou wees om alle studies van verhalende tekste as narratologiese studies te beskryf, is dit tog so dat die basiese kategorieë van verhalende tekste en die basiese terminologie van die narratologie in die meeste analyses en interpretasies van verhalende tekste 'n rol speel, ongeag die teoretiese benadering wat gebruik word. Op implisiete wyse is dinge soos die verhoudinge tussen die basiese narratiewe kategorieë soos akteurs, gebeurtenisse, tyd en plek, die onderskeid tussen vertelinstansie en fokalisator, die komplekse temporele of ruimtelike verhoudinge in tekste of die aard van die vertelling as direkte, indirekte of vrye indirekte rede altyd relevant in studies van verhalende tekste. 'n Mens sou dus kon sê dat die narratologie ander benaderings inkorporeer of 'n plek vind, 'n rol te vervul het in ander benaderings en dat die moontlikhede van die narratologie as 'n werkwyse of leesstrategie so uitgebrei word. Sonder kennis van en insig in die basiese kategorieë van narratiewe tekste en narratiewe genres of strukture kan geen dekonstruktiewe, psigo-analistiese, feministiese of ideologie-kritiese lesing van 'n verhalende teks gemaak word nie.

In 'n artikel "The Point of Narratology" bespiegel Mieke Bal (1990) oor die relevansie van die narratologie in die kontemporêre literatuur-teoretiese debat. Sy beweer dat die narratologie slegs oënskynlik uit die mode geraak het, omdat dit lyk asof die vraagstukke van die narratologie agterhaal is deur die teoretiese bespiegeling van die dekonstruksie, die Marxisme, Neo-Marxisme, feminisme en ander historiese en ideologiese redenasies. Die narratologie en sy vrae is egter steeds relevant daarin dat dit die debat oor groter kulturele aangeleenthede ten dienste staan:

Rather, the concern for a reliable model for narrative analysis has more and more been put to the service of other concerns considered more vital for cultural studies.

(Bal 1990: 729)

Sy illustreer dan inderdaad die gebruik van die narratologie om aannames in ander debatte te toets. Die basiese model en konsepte van die narratologie kan dus beskou word, nie as 'n model wat alle tekste pas nie, maar as 'n analitiese instrument wat in die ondersoek van die kontekste, die vertellers, die sprekers, die fokalisators, ens. van tekste gegewens na vore bring wat van groot belang kan wees vir interpretasie. Hierdie interpretasie vorm dan deel van 'n ander debat of 'n ander gesprek (Bal 1990: 729, 734; Du Plooy 1991, 1992). Die narratologie kan so gebruik word vir veel meer as net vir verhalende taaltekste; dit het dus 'n wyer skopus as die klassieke teorie uit die strukturalistiese fase en kan 'n bydrae lewer tot gesprekke oor ideologiese en historiese kwessies binne die wyer kulturele debat.

Soos reeds genoem, is die omvang van navorsing oor verhaalteorie of verhalende tekste besonder omvangryk: waarskynlik weens die feit dat verhalende tekste 'n belangrike rol speel in ons hedendaagse lewe, en wel in verskillende vorme en in verskillende media.

In 1955 het Wolfgang Kayser die volgende opmerking gemaak in *Entstehung und Krise des modernen Romans*:

Wer als Leser am literarischen Gegenwart teilnimmt, liest Romane....Die Literatur als Bereich, bei dem der einzelne sich angeregt fühlt, die Fülle der Erscheinungen zu sichten, zu vergleichen, zu werten und einzuordnen, wird heute im wesentlichen durch den Roman aufgebaut.

(Kayser 1955: 5)

In aansluiting by redenasies soos die van Caserio (1979: 5–7) en Elsbree (1982: 3–16) word dit al hoe meer duidelik dat verhale gebruik word om sin te maak van die werklikheid en vanweë die onvaste en gerelativeerde aard van die werklikheid as 'n hoofsaaklik talige konstruk, is verhale een van die belangrikste maniere waarop pogings aangewend word om sin te maak van die wêreld waarin mense leef. Dit sluit ook aan by die gedagte dat die mens se narratiewe vermoë en narratiewe denkstruktuur daartoe lei dat meesterverhale gevorm, oorgedra en bevestig word. Daar sou selfs gesê kon word dat die meesterverhale van 'n periode of 'n groep noodsaaklike of noodwendige narratiewe konstruksies is waardeur 'n skyn van orde (wat waarskynlik net skyn is, maar wat desnieteenstaande noodsaaklik is vir 'n gevoel van sekuriteit en 'n "normale" belewing van die werklikheid) tot stand gebring word.

2.2 Die narratologie en literatuuronderrig

Die narratologie is in Suid-Afrika van groot belang in die onderrigsituasie. In skoolonderrig funksioneer teorie slegs indirek deur die opleiding van die onderwyser, maar aan universiteite behoort die basiese narratologiese kategorieë eksplisiet in die literatuuronderrig betrek te word.

Die fokus op onderrig is noodsaaklik en word oortuigend beredeneer deur Seymour Chatman (1993) in 'n artikel "Narratological empowerment". Studente kan immers nie interpreteer voordat hulle weet wat om te interpreteer nie, en die narratologie is metodologies by uitnemendheid daartoe in

staat om studente te help om 'n verhalende teks te beskryf en te analiseer, om met ander woorde gegewens te identifiseer wat dan in 'n meer kreatiewe fase van lees geïnterpreteer kan word (vgl. ook Du Plooy 1991, 1992). Chatman gee baie mooi voorbeelde van die verwarde soort stellings wat studente maak en ons weet almal dat studente soms struikel oor basiese dinge soos onkunde oor die manier waarop 'n narratiewe teks funksioneer, die implikasies van dinge soos grammatikale tyd of sintaktiese kompleksiteit. Selfs die identifikasie van belangrike elemente van 'n teks is soms 'n probleem: Wie is die belangrikste karakters in 'n verhaal? Watter gebeure word vooropgestel? Watter verhoudinge tussen karakters word geïmpliseer? Studente weet gewoon nie hoe om hierdie elemente en aspekte te identifiseer nie. Dit help nie om te probeer om 'n teks teen die grein te lees in 'n meesterlike dekonstruksie as jy nie weet wat die grein in die eerste plek sou kon wees nie. En hiermee impliseer ek allesbehalwe dat die grein enkelvoudig is! In die proses van identifisering kom die dubbelsinnighede juis duidelik na vore.

3 Narratologie in Suid-Afrika

3.1 Publikasies oor verhalende tekste

In Afrikaans het twee uitgebreide studies oor die narratologie verskyn, naamlik *Verhaalteorie in die twintigste eeu* van Heilna du Plooy in 1986 en in 1987 *Vertelkunde* van André Brink. Du Plooy se *Verhaalteorie* fokus hoofsaaklik op die historiese ontwikkeling van die sentrale konsepte binne die klassieke strukturalistiese model, terwyl Brink uitvoeriger op die toepassingsmoontlikhede van die narratologie konsentreer. Binne die Afrikaanstalige literatuurstudie word Mieke Bal se *Theorie van vertellen en verhalen* algemeen gebruik. Vir die Engelstalige dosente en studente is meer bronne beskikbaar, byvoorbeeld Chatman se *Story and Discourse* (1978), Prince se *Narratology* (1982) en Rimmon-Kenan se *Narrative Fiction* (1983).

Terwyl hierdie basiese bronne algemeen gebruik word, veral in die onderrig van verhalende tekste, blyk uit 'n ondersoek van tydskrifartikels dat in die navorsing heelwat ontwikkeling plaasgevind het.

Susan van Zyl (1988: 300) beweer dat die kontemporêre literêr-teoretiese debat hoofsaaklik op die terrein van verhaalteorie of narratologie voltrek word. Sy skryf: "...a modest estimate would probably put some two thirds of all literary theoretical work in the field of narratology". Al word die teoretiese debat volgens Van Zyl eintlik ten koste van verhalende tekste gevoer, is sy daarvan oortuig dat "literary narratologists have either generated or annexed the best thought on the matter available". Hierdie uitspraak het primêr te make met die gebruik van narratiewe tekste en die interpretasie daarvan in die kulturele debat en in die debatte rondom representasie en magstrukture.

Vir die doel van hierdie artikel het ek vyf Suid-Afrikaanse tydskrifte deurgegaan om vas te stel waarop daar gefokus word in die analise en interpretasie van verhalende tekste.

Die tydskrifte is *JLS/TLW*, *Tydskrif vir letterkunde*, *Stilet*, *Literator* en *Current Writing*.

'n Paar syfers kan dalk interessant wees. Van 323 tydskrifartikels wat ek nagegaan het, handel 217 (d.w.s ongeveer 67%) oor verhalende tekste, terwyl 'n verdere twee-en-dertig oor suiwer teoretiese kwessies handel en dus deels op verhalende tekste van toepassing is. Slegs enkele van hierdie artikels handel eksplisiet oor die narratologie.

Die artikels val duidelik in bepaalde kategorieë. Daar is dekonstruksies van tekste, daar is psigo-analitiese, ideologie-kritiese, Marxistiese en Neo-Marxistiese lesings van tekste. Daar is verder artikels wat die teoretiese moontlikhede van bepaalde benaderinge ondersoek, waaronder benaderinge soos die resepsie-estetika, die semiotiek, die narratologie en die poststrukturalisme. Daar is egter ook sisteembeskrywings en heelwat studies wat tekste as behorende tot bepaalde literêr-historiese strominge bespreek (daar is veral heelwat oor postmodernisme geskryf).

Interessante aksente in die verskillende tydskrifte kom na vore in so 'n ondersoek. *JLS/TLW* is uit die aard van die saak meer teoreties geïnterees, *Tydskrif vir letterkunde* meer onderrig-gerig. *Literator* werk meer vergelykend en *Current Writing* is sterk polemies ingestel. *Stilet* verteenwoordig die grootste verskeidenheid ten opsigte van die verskillende genres en bevat ook heelwat artikels oor die kultuurdebat.

In die Afrikaanse tydskrifte is daar nog heelwat artikels waarin die teoretiese vooronderstelling bloot implisiet is en waar die artikels sigself nie met die teoretiese implikasies van hul werkwyse bemoei nie. Die meeste van hierdie studies (wat in die meer resente uitgawes van die tydskrifte al hoe minder word) is gedoen in die styl van die tradisionele "close reading" en is ook hoofsaaklik gerig op die "ontsluiting van tekste" vir lesers of studente. In die Engelse artikels is gesofistikeerde filosofiese redenasies met politieke implikasies meer volop, terwyl in die Afrikaanse literêre wêreld die debat oor betrokke skryf hewig gevoer is. Hierdie debat het egter meer met die kreatiewe aktiwiteit van skrywers te make as met die wetenskaplike bestudering van tekste.

3.2 Interpretasie van die gegewens uit die tydskrifte

Wanneer die gegewens wat hierbo genoem is, ondersoek word, kom duidelike patrone na vore. Daar is veral twee aksente wat deurgaans opvallend is.

- Daar is 'n duidelik volgehoue belangstelling in tekste as talige konstruksies. In dekonstruktiewe en psigo-analitiese lesings sowel as in tradisionele "close readings" gaan dit om die moontlikhede van die teks om betekenis te genereer en om die kreatiewe vermoëns van die leser. 'n Spektrum van benaderings word in sulke lesings (wat gesien kan word as gesprekke met die tekste) gebruik met die gemeenskaplike faktor dat sulke teksbesprekings primêr met die teks as taal, as artistiek bewerkte taal, gemoeid is, en sekondêr met die gemeenskapsgerigtheid of gemeenskapsrelevansie van die teks.
- Aan die anderkant is daar die studies wat in die eerste plek geïntereesd is in die verhouding tussen die teks en die werklikheid en waarin sake soos referensialiteit, waarheid en relevansie belangrik is. Dit gaan in sulke

studies om die waarde van die teks vir 'n situasie in die werklikheid. Afgesien van die artikels waarin die politieke eise aan die literatuur eksplisiet gestel word, is daar ook dié artikels waarin die dekonstruksie van tekste onderneem word met die oog op die relevansie van die tekste vir die subjek van die leesproses of die gemeenskap. Hieronder plaas ek ideologiese, Marxistiese en Neo-Marxistiese dekonstruksies sowel as feministiese dekonstruksies van tekste (Felperin (1985) noem hierdie soort dekonstruksie konteksgerigte dekonstruksie). Die hele debat oor die sogenaamde postkoloniale era en pogings om tekste en lesings te dekoloniseer, val ook hieronder.

Daar is kleiner groepe artikels soos dié wat handel oor historiese kwessies, onderrigaangeleenthede, genrestudies, ens. (wat soms ook by een van bogenoemde groepe ingesluit kan word afhangende van die fokus van die artikel). En daar is die baie belangrike groep artikels wat juis die spanning tussen hierdie twee bogenoemde aksente bespreek, bv. Jean Philippe Wade se "The allegorical text and history: J M Coetzee's *Waiting for the Barbarians*" wat poog om die beperkinge van sowel Marxistiese as dekonstruktiewe lees te deurbreek (*JLS/TLW* 6(4), Annamaria Carusi se "The Postcolonial Other as Problem for Political Action" (*JLS/TLW* 7(3/4), George Weideman se "Teksrelasies: 'n Pleidooi vir 'n gemeenskapsrelevante benadering in literatuurwetenskap en -praktyk" (*JLS/TLW* 4(2) en Andries Walter Oliphant se artikel "Estetiek en politiek" in *Stilet* 11(2).

Hierdie indeling sluit natuurlik nie alle artikels in nie en sê ook nie iets nuuts nie, maar dit is tog interessant dat 'n empiriese nagaan van die onderwerpe waaroor geskryf word en die benaderings wat gebruik is, hierdie fokuspunkte so duidelik aantoon. Dit sluit natuurlik aan by die groot estetiek-politiek-debat wat met soveel energie die afgelope aantal jare in Suid-Afrika gevoer is.

Die resultaat van die ondersoek is verder heeltemal in lyn met die sosiopolitieke werklikheid waarin ons leef: ons is immers voortdurend aan die redeneer oor wat noodsaaklik is en wat nie, en oor die plek, die status, die kwaliteit en veral die geldigheid van die estetiese produkte van ons gemeenskap.

4 Comparison with International Literary Studies

It is significant that the same issues dominating the South African literary scene, are found in the international literary debate. I will only discuss one example. I want to refer to the first issue of the American journal *Narrative*, the official journal of *The Society for the Study of Narrative Literature*. The editor, James Phelan, invited each of the contributors to write a position paper "on an issue of narrative theory or interpretation currently occupying his or her attention" (Phelan 1993: 1).

An analysis of the content of the journal shows that the contributions are written by well-known names in the field of narratology and narrative theory, such as Robert Scholes, Elaine Showalter, Seymour Chatman, Gerald Graff, etc. The advisory board of the journal includes people like Mieke Bal,

Claudia Brodsky, Robert Caserio, Dorrit Cohn, Gerald Prince and Hortense Spillers.

The articles carried in the journal reflect exactly the same issues as the South African journals: there is a wonderful creative intertextual reading of Hemingway and his work by Scholes and Comley (1993), Friedman (1993) discusses spatialization as a reading strategy for narrative texts, Elaine Showalter (1993) writes on hysterical narrative from a feminist point of view, Saldívar (1993) on the nation and narratives and subject formation for the Chicano history. While the cultural debate and poststructuralism are the themes addressed by Armstrong, Tennenhouse (1993) and Graff (1993), Seymour Chatman (1993) writes about narratology and the teaching of literature.

It would seem that South Africa, in spite of its specific circumstances, is indeed part of the global village, at least as far as the study of narrative literature is concerned. Whether this is good or bad is difficult to say, but the fact remains that the greatest part of the work done on narrative texts during the past seven to eight years in South Africa has been devoted either to reading with creativity and philosophical sophistication or to the socio-political relevance of literature.

Of course, there is no strict division between the two groups and the distinction rests primarily on the point that is made in an article. The fact remains that those who practise a sort of professional academicism and elitist intellectualism find it hard to communicate with people who feel very strongly about the relevance of literature and do not want to accept absolute relativism in literature and in life. On the other hand, the debate on referentiality has made it difficult to accept approaches to literature which do not address the problems identified by relativistic theory.

5 Fictional Worlds

The issues that are emphasised in South African literary research do indeed indicate a very marked interest in cultural issues and this trend is increasing in more recent research. This seems to be a healthy situation in a multi-cultural country such as South Africa, but what is also apparent is that many researchers work with theory that either emphasises the linguistic determinism of deconstruction or stresses the negativism of Neo-Marxist deconstructions of ideology.

Perhaps we could use theories with a more holistic approach, theories which concern themselves with more basic issues such as the nature of fictionality. Because we live in a country where cultural diversity is a fact, we need to understand the fictions of other cultures. We can even use fictions to get to know and understand one another better. But how do we do this without relinquishing the sophistication in reasoning about referentiality that we have mastered?

One possibility is to explore the concept of fictional worlds.

Wolfgang Iser (1990) discusses the nature of fictionality in an article "Fictionalizing: The Anthropological Dimension of Literary Fictions". It

seems that human beings need fiction even though they know it is make-believe (Iser 1990: 940). Therefore the fictions people make are important to them. The Afrikaans writer André Brink makes the following statement regarding the importance of stories:

En dit was nog altyd die storie wat die oorlewing van die roman gewaarborg het, omdat dit voldoen aan die drang in die mens wat sê: Ek is omdat ek 'n storie vertel; ek is omdat ek storie is.

(Brink 1991: 8)

Reality has many faces. Different groups of people and individuals look at reality in different ways, ways which are constantly changing and which can be described in innumerable ways. "There is no single underlying world" says Iser (1990: 940), but instead we create new worlds out of the old ones:

Fictions, then, are not the unreal side of reality, let alone the opposite of reality, which our "tacit knowledge" still takes them to be: they are, rather, conditions that enable the productions of worlds whose reality, in turn, is not to be doubted.

(Iser 1990: 940)

Iser's argument links up with that of Thomas Pavel in a concern for the relevance of literature for life without disregarding the aesthetic and linguistic nature of fictions.

In his book *Fictional Worlds* (1986) Thomas Pavel concerns himself with exactly these issues. He attempts to find an approach to literature in which formal and rhetorical aspects of texts can be studied while also paying attention to "the neglected topics of literary reference, fictional worlds, and narrative content" (Pavel 1986: 9). He wants to address "(q)uestions such as literary truth, the nature of fictionality, distance and resemblance between literature and reality" (Pavel 1986: 9).

His argument illustrates that if a naive-realistic view of literature is found unacceptable, it does not mean that one has to accept complete relativism.

Without trying to explain his very sophisticated argument fully, I want to indicate a few key concepts that I consider relevant to our position. Pavel (1986: 11) explains that fictionality can be explained from differing epistemological attitudes towards the relations between reality and fiction. Some theoreticians work with a segregationist and others with an integrationist view of these relations. The segregationists regard fiction either as pure imagination without any truth value (the older approach, i.e. in New Criticism) or as nothing more than discourse (the contemporary version such as the position held by Speech Act Theory). The integrationists include those theoreticians who hold the traditional naive view which assumes that every text should be true, as well as those who refuse to acknowledge any difference between types of texts and assume that historical and fictional texts are not different as far as claims to truth is concerned (Pavel describes this approach as linguistic determinism).

Pavel uses analytical philosophy and modal semantics to examine the problem and proposes a holistic approach to fictional texts. He wants to retain interpretation which respects the subjectivity of the reader, but he also wants

to accommodate the author and the cultural and social relevance of fictional texts.

He does this by using the Meinongian philosophical theory of objects. According to Meinong every object can be described by or consists of a list of properties and consequently one can extend the definition of objects "by stipulating that to every list of properties there corresponds an object" (Pavel 1986: 28). Though objects defined in this way are subject to various constraints, fictional objects ultimately enjoy a double status because they can be defined according to their properties in a fictional world as well as their relation to the real world.

Step by step Pavel develops his theory to describe how fictional worlds can be constructed on the model of the real world. Fictional worlds are, however, salient worlds because they are characterised by salient elements (i.e. elements of fantasy and impossible elements), which do not correspond to elements in the real world.

In the same way that the real world can be described from many different angles and viewpoints, fictional worlds can also be described in different ways. Consequently, there is no direct relation between the words describing the fictional world and objects in the real world, though the fictional world is constructed on a partial model of the real world (otherwise it would be meaningless). The correspondence between fictional texts and the real world is therefore irretrievable, though the fictional world can be understood on account of the partial structural resemblance to the real world. The reader can get access to the fictional world through the text, through the process of reading and what is read is a linguistically coherent text with literary and aesthetic qualities which can be interpreted in a number of ways.

Pavel thus concludes:

Fictional worlds are the main repositories of structural features employed for referential purposes. They are, in most cases, related to the worlds of common sense, and bear the weight of ontological and epistemological assumptions, but they also reflect the technical sophistication of the author and his milieu and the different purposes that the construction is meant to achieve.

(1986: 146)

In an article "Mimesis and possible worlds" Lubomir Dolezel (1988: 480) discusses the need to "transcend the restrictions of mimetic theory... (by searching)... for a radically different semantics of fictionality". He then explores a "fictional semantics defined within a multiple-world model frame" and he formulates the following three fundamental theses of fictional semantics:

1. Fictional worlds are sets of possible states of affairs.
2. The set of fictional worlds is unlimited and maximally varied.
3. Fictional worlds are accessible from the actual world.

(Dolezel 1988: 481)

He also describes the specific features of fictional worlds.

1. Fictional worlds of literature are incomplete.
2. Many fictional worlds of literature are not semantically homogeneous.
3. Fictional worlds of literature are constructs of textual activity.

(Dolezel 1988: 482–484)

In his book *The Limits of Interpretation* Umberto Eco (1990) discusses fictional worlds and describes them as small, handicapped worlds, because a fictional world is not a maximal and complete state of affairs.

In this sense it seems that fictional worlds are parasitical worlds because, if alternative properties are not spelled out, we take for granted the properties holding in the real world.

(Eco 1990: 75)

The fictional world is described in words in a text, and the reader must cooperate in accepting the fictional world with its limitations and its salient characteristics otherwise no communication would be possible. The reader also has to accept the fact that he enters the fictional world through a text and if he is a Model Reader he must pretend to play along in the fictional game by displaying “an enormous flexibility and superficiality...and consistent goodwill” (Eco 1990: 82).

This line of reasoning implies that:

1. Readers can enter into fictional worlds by reading texts. The fictional world can be described in language/signs and readers can understand the linguistic and artistic structure of the text.
2. The meaning that is created in the fictional text through textual strategies can be relevant to reality for the reader.
3. The distance between texts and readers differs according to the historicity of the text and the reading thereof.

We have to keep in mind that up to now not much research has been done in South Africa on literature written and spoken in the various black languages. In these cultures concepts about the relation between literature and reality differ from Western concepts and we will have to find alternatives to the relativistic theories which are so stimulating to theorists. If these texts can be read as texts referring to fictional worlds with their own salient set of characteristics which must be accepted as such, we can even use the same theory for culturally divergent texts.

If fictional texts can be regarded in this way, it seems possible that one is free to interpret creatively in a flexible way, while acknowledging that fictional texts can be relevant to reality on account of the structural similarity between real and fictional worlds. Fictional texts are lies, but they can contain truths about real life.

And while we need a complex theoretical argumentation to get to this point, writers and readers sense this. An author can play freely with his Model Reader because they both intuitively know the rules of the game. The process is aptly described in the title of a collection of short stories by T.T. Cloete which is called “Die waarheid gelieg”.

Perhaps, if we get to the end of the debate between deconstruction and the relevance of ideology in real life, we could explore the concept of fictional worlds.

6 Die inhoud van hierdie spesiale uitgawe van JLS/TLW

Die artikels wat in hierdie uitgawe geplaas word, vertoon 'n wye verskeidenheid ten opsigte van die teoretiese invalshoeke wat gebruik word, sowel as ten opsigte van die verhalende tekste wat bespreek word. Wat al die artikels egter gemeen het, is die volgehoue belangstelling in verskillende fasette van die werking, die funksie, die aard of die struktuur van verhalende tekste.

Susan van Zyl is geïnteresseerd in die epistemologiese implikasies van verhalende tekste. Op grond van die tipering van die moderne tydvak as die era van die geskiedenis (onder meer deur Foucault), stel sy ondersoek in na die implikasies van die probleme rondom die definisie, temporele organisasie en kousaliteit wat in modernistiese tekste en in die denke van die modernistiese era manifesteer. Sy beredeneer die verband tussen die modernistiese teks en Freud se uiteensetting van die simptome en sien die onvermoë van die modernistiese teks om aan die tradisionele narratiewe vereistes te voldoen as die moderne vorm van die onderskeid tussen natuur en kultuur.

Allan Bowyer gebruik Roland Barthes se artikel "An Introduction to the Structural Analysis of Narrative" om die twee "registers" van verhale, die storie en die diskoers, te onderskei en die dinamiese verhoudinge tussen storie en diskoers as 'n isotopiese disekwilibrium te ondersoek. Hy verduidelik belangrike uitsprake van Homi K. Bhabha, wat uitvoerig geskryf het oor die posisie van sosiale en literêre verhalende tekste in 'n postkoloniale opset om die verhouding tussen verhaal, taal en die "nasie" te ondersoek. Gustav Frenssen se roman *Peter Moor's Journey to Southwest Africa* word bespreek om betekenisvolle indisieë as manifestasies van die verhouding verhaal tot nasie te interpreteer.

In die artikel van Vasu Reddy word die verhale van die vroue van Phokeng, soos dit vertel is aan 'n tussenganger en opgeteken is deur Belinda Bozzoli, ondersoek as voorbeelde van 'n persoonlike siening en weergawe van die werklikheid. Sulke persoonlike weergawes van die geskiedenis en ander "werklike" omstandighede kan volgens Reddy gesien word as konstruksies van die werklikheid en as voorbeelde van tekste wat in die proses van vertel en in die gerigtheid op 'n bepaalde luisteraar as't ware eers tot stand kom.

Ina Gräbe ondersoek die manier waarop J.M. Coetzee in *Age of Iron* 'n ander vorm van narratiwiteit ontgin as in *Foe*. In *Age of Iron* is hy gemoeid met die "werklikheid" as 'n stel omstandighede en die romanmatige fiksionalisering daarvan, teenoor die verkenning van die moontlikhede van 'n herskrywing van fiksionele gegewens in *Foe*. Die roman, en dus ook die artikel, is met sowel die tekstualiteit, die talige en gefiksionaliseerde aard van die teks besig as met die "werklikheid" as 'n stel bepalende omstandighede. Hiervan is die dood die uiteindelijke en onontkombare werklikheid en daarom word die dood die oorheersende metafoor in die roman. Gräbe stel dit soos volg: "*Age of Iron*...addresses the phenomenon of death as both the

substance and the sustaining force underlying meaningful writing within a contemporary context”.

Bogenoemde artikels is dus al vier gemoeid met vraagstukke rondom verhare en die gemeenskap deurdat epistemologiese, ideologiese en historiese kwessies aangeraak word.

Die groot korpus narratologiese teorie wat deur die loop van die twintigste eeu ontstaan het, bied aan die ondersoeker 'n groot verskeidenheid van insigte oor narratiewe tekste wat steeds en opnuut tot vindingryke interpretasies van tekste lei. Henriette Roos gebruik “ouer” teorieë as vertrekpunt in haar artikel oor twee Afrikaanse romans uit 1991. Die morfologiese studies van Propp en Jolles, wat albei as voorlopers van die strukturalisme beskou word, kyk na verskillende aspekte van die bou van verhalende tekste. Roos sluit aan by Jolles se beskrywing van die eenvoudige vorme onderliggend aan bepaalde soorte tekste en toon aan dat Brink se *Die kreef raak gewoon daaraan* in der waarheid 'n realisering is van die eenvoudige vorm van die sage deurdat dit 'n uitgebreide familiegeskiedenis is. Sy toon ook die verband aan met die eenvoudige vorm van die mite, waar die mite altyd gemoeid is met die mens se metafisiese vrae na sy herkoms en die betekenis van sy lewe. *Abjater wat so lag* van Wilma Stockenström word aan die hand van Jolles se sieninge en Propp se analise van sprokies as die teëpool van die tradisionele sprokie, as 'n anti-sprokie getipeer. Die tradisionele vorm en aard van die sprokie word hier getransformeer tot iets wat nuut en relevant vir sy eie tyd is.

Die gedagte van transformasie is ook baie sterk in die artikels van Louise Viljoen en Ronel Foster. Die twee artikels moet eintlik saam gelees word omdat Foster se artikel die teoretiese uiteensetting van Viljoen voorveronderstel. Albei skryfsters sien die roman as 'n polifone teks, waarin baie stemme praat, soos dit deur Bakhtin uiteengesit is in sy konsep van heteroglossie. Die dialogiese aard van alle taal en van die roman in die besonder, maak van die genre by uitstek 'n meerstemmige diskoers. Viljoen toon dan aan hoedat die karnavaleske transformasie wat Bakhtin as ondermyning van die monoloog beskou, in die roman *Belemmering* van Lettie Viljoen tot 'n bevrydende polifonie lei. Die bevryding het dan sowel persoonlike as politieke (kollektiewe) implikasies.

Op boeiende wyse toon Foster aan hoe *Abjater wat so lag* van Wilma Stockenström – 'n roman wat as 'n monoloog aangebied word – verskeie aspekte van karnavaleske transgressie en inversie vertoon. Hoewel die verteller/ spreekster in die roman nogtans nie aan die monoloë bestel waarin sy haar bevind, kan ontkom nie, is die teks self polifonies en kom so binne 'n groter meertalige geheel van tekste tot sy reg.

Die tegniese ontginning van transformasies van die basiese narratiewe kategorieë van gebeurtenisse, akteurs, tyd en plek, in virtuose narratiewe tekste, bly 'n stimulerende terrein van ondersoek. Sulke ondersoeke lei nie net tot interpretasies van die tekste nie, maar is terselfdertyd besig met die teoretiese implikasies van die transformasies wat in kreatiewe tekste voorkom. Loes Nas ontleed drie sieninge (van Kierkegaard, Derrida en Heidegger) van herhaling as 'n temporele verskynsel en verken John Barth se

LETTERS na aanleiding van dié filosofiese insigte. Jenny de Reuck ondersoek narratiewe modaliteit deur die narratiewe transmissie deur die onbetroubare verteller in *The Aspern Papers* van Henry James te analiseer.

Marais se artikel gee 'n indringende bespreking van die narratologiese konsep van fokalisasie en gee 'n ander siening vanuit 'n ander teoretiese raamwerk van narratiewe transmissie as De Reuck. Waar De Reuck hoofsaaklik werk met insigte van Ingarden, Iser en Ruthrof en dus in 'n fenomenologiese of resepsie-estetiese tradisie werk, vergelyk Marais hoe die konsep fokalisasie verskil by twee strukturalistiese teoretici, by name Genette en Bal. Hy vorm 'n eie siening van fokalisasie en sien fokalisasie as 'n funksie van die verteller wat impliseer dat die fokalisasie in 'n teks bepaal word deur die kennis van die verteller. Alle narratoloë sal waarskynlik nie hiermee saamstem nie en dit is ook 'n vraag of hierdie siening die komplekse eksperimente met vertellers en fokalisators in modernistiese en postmodernistiese tekste sal kan akkommodeer. Wat egter belangrik is, is dat die skrywer van die artikel die narratologiese konsepte ontgin vir gebruik in die analise van die Bybel en sy oogmerk speel beslis 'n rol in die ontwikkeling van die konsepte wat hy wil gebruik.

Dit is inderdaad baie interessant om te sien dat waar die literatuur-teoretici die basiese narratologiese model al as vanselfsprekend aanvaar en hulle primêr besig hou met variasies en aberrasies (tekstueel en teoreties), die narratologie as 'n strategie vir die analise van tekste nou toenemend deur ander vakgebiede ontdek en benut word. Waar Marais se bydrae vanuit die studie van Semitiese tale kom, is Marianne Dirksen se artikel die resultaat van 'n verkenning van die narratologiese werkwyse met die oog op die lees van Latynse tekste, in hierdie geval spesifiek geskiedskrywing. Waar die filoloë van die klassieke tale hulle tradisioneel hoofsaaklik tot die bestudering van die klassieke retoriek bepaal het, toon Dirksen op oortuigende wyse aan hoe die bestaande navorsing oor klassieke Latynse tekste aangevul en uitgebrei kan word deur 'n narratologiese analise van sulke tekste. Cronjé vergelyk Genette se narratologiese kategorieë van temporele verhoudinge in 'n verhalende teks met die retoriese figure wat temporele implikasies het in die klassieke Griekse geskiedskrywing van Thukidides. Thukidides se geskiedskrywing is ontleed deur Dionusios en gemeet aan die literêr-teoretiese konsepte van sy tyd, en hierdie literêre analise van geskiedskrywing lei tot 'n teoretiese bespreking van strategieë met temporele implikasies.

Albei laasgenoemde artikels illustreer nie net die nuwe belangstelling vanuit die klassieke tale vir die literêr-teoretiese werkwyse en insigte van die narratologie nie, maar bring ook interessante insigte in verband met geskiedskrywing as narratiewe aktiwiteit na vore. Geskiedenis is narratief van aard, maar staan in 'n bepaalde verhouding tot die werklikheid en hierdie verhouding verskil van die verhouding tussen fiksionele tekste en die werklikheid. Desnieteenstaande impliseer geskiedskrywing altyd 'n bepaalde invalshoek en die feit dat geskiedskrywing in taal bestaan, plaas sulke tekste onvermydelik binne 'n intertekstuele raamwerk waardeur betekenis genereer en verduister word.

Daar word op geen manier gepretendeer dat dié artikels verteenwoordigend is van óf die navorsing oor narratiewe literatuur in Suid-Afrika óf van die hele spektrum narratiewe literatuur wat in die land geskryf en gelees word nie. Soos ek reeds gemeld het, is die tydskrif saamgestel uit artikels wat spontaan aangebied is vir publikasie. Uiteindelik is die saambindende faktor vir die artikels en die skrywers daarvan die belangstelling in en die liefde vir stories, want in die stories-wat vertel en geskryf word, kom veel wat verborge is in die psige van die mens na vore.

Hierdie spesiale uitgawe van *JLS/TLW* bevat dus interessante artikels wat 'n groot verskeidenheid benaderinge en uiteenlopende tekste betrek. Ek glo ook dat dit 'n bydrae sal maak tot die literatuurwetenskaplike bestudering van verhalende tekste in die Suid-Afrikaanse literatuurstudie.

Verwysings

- Armstrong, Nancy & Tennenhouse, Leonard
1993 History, Poststructuralism and the Question of Narrative. *Narrative* 1(1): 45–58.
- Bal, Mieke
1980 *De theorie van vertellen en verhalen*. Muiderberg: Coutinho.
1990 The Point of Narratology. *Poetics Today* 11(4): 727–754.
- Brink, André
1987 *Vertelkunde*. Pretoria: Academica.
1991 Op pad na 2000: Afrikaans in 'n (post)koloniale situasie. *Tydskrif vir letterkunde* XXIX(4): 1–12.
- Chatman, Seymour
1978 *Story and Discourse*. Ithaca: Cornell University Press.
1993 Narratological Empowerment. *Narrative* 1(1): 59–65.
- Current Writing*
1989 Jaargang 1
1990 Jaargang 2
1991 Jaargang 3
1992 Jaargang 4
- Dolezel, Lubomír
1988 Mimesis and Possible Worlds. *Poetics Today* 9(3): 475–496.
- Du Plooy, Heilna
1986 *Verhaalteorie in die twintigste eeu*. Butterworth: Durban.
1990 Die kreatiewe gebruik van die narratologie in die literatuur-onderrig. *JLS/TLW* 7(3/4).
1992 Roman en film – stories in woorde en beelde. *Literator* 13(3).
- Eco, Umberto
1990 *The Limits of Interpretation*. Bloomington: Indiana University Press.
- Friedman, Susan Stanford
1993 Spatialization: A Strategy for Reading Narrative. *Narrative* 1(1): 12–23.
- Graff, Gerald
1993 Paradoxes of the Culture War. *Narrative* 1(1): 66–68.
- Iser, Wolfgang
1990 Fictionalizing: The Anthropological Dimension of Literary Fictions. *New Literary History* 21: 939–955.

- Kayser, Wolfgang
1955 *Entstehung und Krise des modernen Romans*. Stuttgart: J.B. Metzlersche Verlagsbuchhandlung.
- Literator*
1987 Jaargang 8 (1–3)
1988 Jaargang 9 (1–3)
1989 Jaargang 10 (1–3)
1990 Jaargang 11 (1–3)
1991 Jaargang 12 (1–3)
1992 Jaargang 13 (1–3)
- Pavel, Thomas
1983 *The Borders of Fiction. Poetics Today* 4(1): 83–88.
1986 *Fictional Worlds*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.
- Phelan, James
1993 *Nativity. Narrative* 19(1): 1–2.
- Rimmon-Kenan, Shlomith
1983 *Narrative Fiction: Contemporary Poetics*. London: Methuen.
- Saldívar, Ramón
1993 *Lyrical Borders: Modernity, the Nation and Narratives of Chicano Subject Formation. Narrative* 1(1): 36–44.
- Scholes, Robert & Comley, Nancy, R.
1993 *Responsible Extravagance: Reading after Post-Structuralism. Narrative* 1(1): 3–11.
- Showalter, Elaine
1993 *On Hysterical Narrative. Narrative* 1(1): 24–35.
- Stilet*
1989 Jaargang I(1) en (2)
1990 Jaargang 11(1) en (2)
1991 Jaargang III(1) en (2)
1992 Jaargang IV (1) en (2)
- Van Zyl, Susan
1988 *Narrative and Narratives: The Incoherence of Postmodernist Pluralism. JLS/TLW* 4(3).
- JLS/TLW*
1985 Jaargang 1(1–4)
1986 Jaargang 2 (1–3)
1987 Jaargang 3 (1–4)
1988 Jaargang 4 (1–4)
1989 Jaargang 5 (1–4)
1990 Jaargang 6 (1–4)
1991 Jaargang 7 (1–4)
- Tydskrif vir letterkunde*
1986 Jaargang XXIV (1–4)
1987 Jaargang XXV (1–4)
1988 Jaargang XXVI (1–4)
1989 Jaargang XXVII (1–4)
1990 Jaargang XXVIII (1–4)
1991 Jaargang XXIX (1–4)
1992 Jaargang XXX (1–4)